

Taalvermenging by die sprekers van die Sothotale: 'n Linguistiese perspektief op die gebruik van hulpwerkwoordgroepe

A B S T R A C T The aim with this article is to prove that a unique language strategy such as the usage of auxiliary word groups in the Sotho languages is no longer productive in the spoken language. The focus is placed on the tendency to avoid expressions marked by auxiliary word groups by means of code mixing. Some transcribed conversations from a tape recorder have been selected to form a basis for the investigation. The popular usage of foreign words or expressions are highlighted compared to specific language strategies used in pure standard Northern Sotho to express equivalent concepts. Some existing perspectives from which research has been done in linguistic borrowing, code mixing and code switching are also briefly discussed.

Keywords: Sotho languages, language mixing, code switching, auxiliary verbs

Sleutelwoorde: taalvermenging, taalvaardighede, hulpwerkwoordgroepe, formele taalonderrig, kodewisseling

1. Inleiding

Die gevare wat taalversteuring en taalvermenging vir die voortbestaan van 'n taal inhou, word onder andere deur Steyn (1980:7) op grond van wetenskaplike gronde uitgespel. Volgens hom kan 'n taal op twee maniere tot niet gaan, naamlik

- Wanneer mense ophou om dit te praat of
- Vanweë versteurings wat daartoe kan lei dat dit dermate verander dat dit in een of ander stadium ophou om dieselfde taal as voorheen te wees.

In aansluiting by die faktore wat Steyn hierbo vermeld kan daar ter aanvulling beklemtoon word dat formele taalonderrig in 'n moderne wêreldkonteks 'n belangrike faktor is om 'n taal in 'n snel ontwikkelende tegnologiese en kommunikatiewe omgewing relevant te laat bly. Met formele taalonderrig word onder meer bedoel dat die moedertaalspreker ten minste onderlê moet word

in lees en skryfvaardighede, asook 'n basiese begrip van die grammatiese strukture van sy taal. Die vermoë om kreatief nuwe konsepte in die taal te absorbeer, is 'n verdere belangrike vereiste.

Die belangrikheid van bogenoemde vereistes wat verband hou met die gehalte van onderrig en taalverwerwing is reeds dekades gelede deur wetenskaplikes soos De Groot (1964) as 'n voldoende feit aanvaar. De Groot (1964:4-5) wys pertinent op die positiewe resultate wat taalwetenskap (bv: in grammatikas) vir die globale onderrigproses inhou.

By nadere ondersoek blyk dit dat vanuit 'n linguistiese perspektief dit juis taalstrukture en taalvaardighede wat hoofsaaklik deur formele onderrig ingeskerp en aangeleer word, die heel eerste is wat in die omgangstaal uitgefaseer en vervang word met alternatiewe ekwivalente - veral vanuit Engels, maar soms ook vanuit Afrikaans. Dit is belangrik dat daar met 'n studie soos dié 'n onderskeid tussen die konsepte kodewisseling (code switching), taalvermenging (code mixing) en ontlening (borrowing) getref moet word. Sodanige konsepte word in die volgende paragrawe kortliks vanuit 'n linguistiese perspektief toegelig, met die fokus op die Sothotale.

2. Kodewisseling

Kodewisseling en taalvermenging rakende die inheemse tale in Suid-Afrika het tot aansporing van heelwat navorsing in dié verband gelei. Myers-Scotton (1993:45-74) gee byvoorbeeld 'n omvattende oorsig oor navorsing, wat reeds in daardie stadium in wetenskaplike tydskrifte en ander publikasies neerslag gevind het. Wanneer verskeie van dié bronne oor kodewisseling en taalvermenging bestudeer word, is daar twee hoofgedagtes wat onderliggend afgelei kan word, naamlik dat:

- 2.1 Kodewisseling en taalvermenging deur verskeie uiteenlopende faktore gegenereer word;
- 2.2 Kodewisseling as sodanig nie noodwendig 'n bedreiging vir die voortbestaan van die inheemse Afrikatale inhou nie.

Vanweë die feit dat Myers-Scotton 'n uitgebreide studie van kodewisseling met die fokus op 'n verskeidenheid Afrikatale gedoen het, word haar navorsing as basis gebruik om bepaalde konsepte rakende die Sothotale in die verband toe te lig. Kodewisseling word deur Myers-Scotton (1993:1) soos volg beskryf: "Code switching is the term used to identify alternations of linguistic varieties within the same conversation."

Volgens Myers-Scotton kan taalvariasie verskillende tale, dialekte of styl van dieselfde taal insluit. Kodewisseling word dan vervolgens gekenmerk deur 'n hooftaal (matrix language) wat meer prominent in 'n gespreksituasie funksioneer, as die ingebedde taal (embedded language) wat 'n minder prominente rol speel.

Ander belangrike kenmerke van kodewisseling wat Myers-Scotton (1993) uitwys, word vervolgens kortliks vermeld, naamlik:

- 2.3 dat die twee betrokke tale deur dieselfde "diskoerseenhed" gekenmerk word, as sou die uitdrukkings slegs in een linguistiese variteit geskied;
- 2.4 dat elemente van die twee verskillende tale 'n bepaalde prosodiese samehang vertoon;
- 2.5 dat gelykwaardige sintaktiese en semantiese relasies tussen die twee dele waargeneem kan word;

- 2.6 dat kodewisseling deur sosio-psigologiese motiverings gerugsteun word;
- 2.7 dat elke linguistiese variteit wat in kodewisseling gebruik word, sekere sosio-psigologiese assosiasies het;
- 2.8 dat kodewisseling vanuit 'n sosio-psigologiese beskouing simptome van onder meer 'n onwilligheid of onsekerheid is;
- 2.9 dat kodewisseling in die algemeen 'n tipe vaardigheidsopbrenging met 'n kommunikatiewe intensie is.

Volgens Myers-Scotton (1993:1) tref sy in haar ondersoek nie 'n onderskeid tussen taalvermenging en kodewisseling (CS) nie, aangesien: "... the two types of CS may have similar socio-psychological motivations. For this reason I prefer 'CS' as a cover term ..."

Hoewel Myers-Scotton self nie 'n onderskeid tref tussen taalvermenging en kodewisseling nie, verwys sy tog in 'n voetnoot (1993:1) na navorsers wat sodanige onderskeid tref.

Bogenoemde onderskeid word volgens Myers-Scotton (1993:4) gedoen deur middel van twee belangrike linguistiese konsepte, naamlik "intrasentential" en "intersentential". Laasgenoemde term verwys na kodewisseling wat beskryf word as die oorskakeling van een taal na 'n ander **tussen** sinne. "Intrasentential" verwys na taalvermenging waar die wisseling van twee tale **binne** dieselfde sin vanaf enkelvorm tot of sinsdeelvlak plaasvind.

Aangesien hierdie artikel fokus op linguistiese kenmerke rakende taalvariasies wat hulpwerkwoordgroepe in die Sothotale betref, is dit belangrik om soos verskeie navorsers voorheen 'n linguistiese onderskeid tussen taalvermenging en kodewisseling te tref.

Met inagneming van bogenoemde linguistiese onderskeid blyk dit dat die taalvariasie rakende hulpwerkwoordgroepe in die Sothotale wat hieronder beskryf word, taalvermenging is en nie kodewisseling nie. Die rede hiervoor is dat taalvariasie in dié konteks **binne** dieselfde sin plaasvind. Dit is egter ook belangrik om daarop te let dat verskeie kenmerke soos wat hierbo ten opsigte van kodewisseling onderskei is, ook van toepassing is op taalvermenging soos vervolgens ten opsigte van die Sothotale bespreek word. Van die belangrikste gemeenskaplike kenmerke is byvoorbeeld diskoerseenhede, prosodiese samehang, asook gelykwaardige semantiese en sintaktiese relasies.

Hoewel die fokus van hierdie artikel val op die rol wat hulpwerkwoorde in die Sothotale speel met betrekking tot taalvermenging in moderne gespreksituasies, word enkele perspektiewe waaruit taalvariasies beskryf kan word soos Finlayson en Slabbert (1999:64) onderskei, kortliks in oënskou geneem.

3. Linguistiese ontleding

Finlayson en Slabbert (1999:64) wys daarop dat taalvorme soos spraakklanke, leksikale items, frases en sinne oor 'n bepaalde periode van een taal na 'n ander verplaas word. Dit is egter ook belangrik om ag te slaan op die feit dat wanneer leksikale items in die Sothotale byvoorbeeld vanuit Engels of Afrikaans ontleen word, sodanige ontleende taalvorme dikwels onderworpe is aan affigering of ander linguistiese prosesse eie aan die Sothotale. So byvoorbeeld sal die volgende Engelse woorde vir 'n Engelssprekende persoon wat nie 'n grondige kennis van 'n Sothotale het nie, onherkenbaar en onverstaanbaar in die volgende gespreksituasie wees:

Banna ba tereini:wa go terei:fa tere:ne.

(Die mans word opgelei om 'n trein te bestuur)

In bostaande voorbeeld het die Engelse woorde "train" (tereiniwa/terene) en "drive" (tereifa) vormlik verander na aanleiding van affigering, gepaardgaande met klankverharding, lengte op die voorlaaste lettergreep en 'n fonologiese volgordeproses van konsonant-vokaal wat kenmerkend van die Sothotale is.

Linguistiese ontlening in die Sothotale is reeds dekades gelede al deur prominente grammatici soos Ziervogel (1963) en Van Wyk (1966) beskryf. Volgens Van Wyk (1966:32) het Sothosprekers 'n buitengewone aanleg om leenwoorde volledig in hulle tale te integreer. Hy wys daarop dat leenwoorde "geherstruktureer" word om te beantwoord aan die fonologiese en grammatiese wette van die tale. Van Wyk gebruik die Afrikaanse woord

"sleutel" as voorbeeld, wat moeilik herkenbaar is in die Sothowoord "senotlelo".

In 'n M.A.-verhandeling deur Kruger (1965) behandel hy ook die wyse waarop leenwoorde uit Afrikaans in Noord-Sotho geïntegreer is. In dié studie val die fokus veral op wat hy noem die "transsistematiasie" van Afrikaanse konsonantfoneme wat fonetiese teenhangers in Noord-Sotho het.

In aansluiting by die bydraes deur die navorsers rakende ontlening in die Sothotale waarna hierbo verwys word, word linguistiese ontlening in die konteks geïnterpreteer as leksikale items wat in Sothokonteks geherstruktureer word. Leksikale items in byvoorbeeld Engels wat nie hierdie proses van herstrukturering ondergaan wanneer hulle in 'n Sothogespreksituasie fungeer nie, sal as taalvermenging geïnterpreteer word.

Finlayson en Slabbert (1999:65) beweer dat die taalvariasie Xhosa-Engels ontstaan as gevolg van die feit dat die natuurlike spreker onbekend of onkundig ten opsigte van 'n woord in sy eie taal is, of wanneer hy konsepte wat vreemd aan sy kultuur is, uitdruk. In die teksanalise wat later volg blyk dit dat in die geval van Sothosprekers dit dikwels doorgewoone 'n onsensitiwiteit vir puristiese taalgebruik is wat veral taalvermenging tot gevolg het.

Fourie (1994:11) voer sekere redes aan waarom Afrikataal-terminologie dikwels deur die sprekers waarvoor dit geskep word, verwerp word. Die volgende besware word geopper, naamlik dat die terme:

3.1 onbeduidend is;

3.2 nie vanaf gebruiker na terminologiese skeppers aan terugvoering onderwerp is nie;

3.3 dikwels kunsmatig voorkom;

3.4 nie sensitief vir volkstaksonomie is nie.

Wat Noord-Sotho betref sou 'n mens van Fourie se besware kon toelig deur terminologie soos *sefatanaga* (voertuig) en *setimela* (trein) as voorbeelde te gebruik. Alhoewel *sefatanaga* (veldskropper) linguisties "aanvaarbaar" geskep is, het *koloi* met die oorspronklike betekenis van *ossewa* (volkstaksonomie) en *mmotorokara* meer ingang by die sprekers gevind. *Setimela* (van Engels "steam") het egter aan die ander kant 'n hoë gebruiksfrekwensie, net soos die alternatiewe woord *terene*. Globaal beskou, blyk dit dat wat die Sothotale betref, die kritiek wat

Fourie hierbo lewer 'n veralgemening is wat nie werklik substansie het nie. 'n Groot aantal terme wat deur taalkomitees wat later taalrade geword het, geskep is, is op vele terreine van die samelewing soos skole, staatsdepartemente, universiteite en die uitsaaiwese geabsorbeer. Die opvatting dat taalrade primêr 'n politieke in plaas van 'n opvoedingsopdrag gehad het, is ook ongegrond.

4. Standaardtaal teenoor nie-standaardtaal

Die strewe om 'n suiwer standaardtaal vir al die onderskeie Afrikatale in Suid-Afrika te vestig, het reeds in die begin van die vyftigerjare in die skole begin realiseer. Die hoofdoel was om die tale tot so 'n vlak te ontwikkel dat hulle as onderrigmedium in die skole, asook as amptelike tale van owerhede van destydse tuislande, geïmplementeer kon word. Hierdie proses is van stapel gestuur deur die destydse Department van Bantoe- onderwys wat later die Departement van Onderwys en Opleiding geword het. Skole onder beheer van bogenoemde departement was verplig om 'n bepaalde ortografie en spelreëls te gebruik om die standaardiseringspoging aan die gang te sit. Verder is daar vir elke taal afsonderlik omvattende terminologielyste geskep wat veral gefokus het op leerinhoud in skoolkonteks, asook konsepte vir die openbare sektor en die uitsaaiwese. Die eerste publikasie van *Terminologie en Spelreëls* (no.1) vir Noord-Sotho is byvoorbeeld reeds in 1953 aan skole beskikbaar gestel. Die laaste verbeterde en uitgebreide publikasie (no.4) is in 1985 vrygestel.

Taalkomitees (later taalrade) vir die inheemse Afrikatale het 'n baie groot rol gespeel om suiwer standaardtale vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap te ontwikkel. Lede van dié taalrade het 'n breë spektrum van die Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig, soos onderwysdepartemente, die openbare sektor, die uitsaaiwese, universiteite en soms ook verteenwoordigers van buurlande soos Botswana, Lesotho en Swaziland. Die invloed wat die taalrade op die standaardiseringsproses uitgeoefen het, kan soos volg saamgevat word.

- 4.1 Die keuring en voorskryf van literêre werke vir alle hoërskole waar die tale onderrig word. Sommige lede het ook in privaat hoedanighede keuring en redigering vir uitgewersmaatskappye gedoen.
- 4.2 Nuwe terme wat die uitsaaiwese in die volksmond deur die onderskeie radiostasies en later televisiekanale geplant het, was onderworpe aan goedkeuring deur die taalrade wat sodanige skeppings tydens vergaderings beoordeel het.
- 4.3 Grammatikaboeke, eksamenvraestelle, ens. moes aan die standaardiseringsvereistes van die taalrade voldoen alvorens dit vir skoolgebruik goedgekeur is. Die gevolg van bogenoemde toestand van sake het daartoe gelei dat daar duidelike "taalgrense" tussen byvoorbeeld Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana onderskei en vasgelê is.

5. Die STANON-projek

Die STANON-navorsingsprojek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) wat in 1987 die lig gesien het, het bevind dat Afrikataalsprekende leerlinge in die stedelike gebiede met die bestudering van hul moedertale se standaardvorme probleme ondervind het. Die rede wat hiervoor aangevoer is, is die versteuringsinvloed wat nie-standaardvorme (wat hoofsaaklik in die gesproke taal van stedelike inwoners fungeer) op die standaardtaal het.

'n Baie belangrike faktor wat nie in bogenoemde projek ondersoek is nie, maar tog 'n essensiële invloed op die bevindinge in die verslag gehad het, is die afwesigheid van 'n leserskorps in dié tale. Hierdie leemte wat 'n groot rol gespeel het om standaardtaal-gebruik te ondermyn, is byvoorbeeld deur Swanepoel (1986) 'n jaar voor die voltooiing van die STANON-verslag uitgewys. Swanepoel (1986:5) vat die kwessie van 'n leeskuilte in die Afrikatale soos volg saam:

The reading-matter in the libraries and newspapers are too difficult and means very little to the most proficient readers. Hardly anything is in their own language and the school books which are available are restricted and often uninteresting. In turn, the children do not think reading (in their own languages) is important because their elders don't ... and the problem continues into the next generation.

In 'n onlangse koerantberig word skoksyfers oor gr. 6-leerlinge se leesvaardighede bekend gemaak. Volgens De Vries (2005:1) toon onlangse nasionale toetse dat slegs 0-1 % van die gr. 6-leerlinge in Suid-Afrika se swart skole behoorlik kan lees.

'n Verdere belangrike bydraende faktor wat gelei het tot die stimulering van die nie-standaardtaal ten koste van die standaardtaal, word deur Finlayson en Slabbert (1999: 66-67) uitgewys, wanneer hulle beweer dat:

Pressure on the SABC was also exerted by the advertising industry to revise its policy to allow for non-standard forms since it was realized that the pure varieties which the SABC required were not in touch with the urban target market.

6. Die Onderwyssituasie

Perspektief vanuit die onderwyssituasie dui daarop dat daar twee aspekte waar te neem is wat duidelik van mekaar onderskei moet word, naamlik:

6.1 Afrikatale as onderrigmedium en

6.2 Die reg of geleentheid om 'n inheemse Afrikataal as skoolvak te bestudeer.

Die moontlikheid van die tale as onderrigmedium word onder andere deur Kamwangamala (2000:55) en Moyo (2002:149-159) in oënskou geneem. Hulle wys op bepaalde struikelblokke, asook sekere moontlikhede in dié verband. In 'n artikel oor taalregte en onderwysrealiteite raak De Wet, Niemann en Matsela (2001:46) twee baie belangrike sake aan, naamlik dat:

6.3 Elke kind die reg moet hê om die taal wat hy self as sy moedertaal identifiseer ten volle aan te leer.

6.4 'n Kind beide in en deur sy moedertaal onderrig moet word – 'n voorreg wat nie van die Afrika-kind weerhou mag word nie.

In kontras met die regte waarop hierbo aanspraak gemaak word, het daar die afgelope dekade 'n situasie by Suid-Afrikaanse skole ontstaan wat lynreg bots met die regte wat vir Afrikataalsprekendes voorgelê en geïdealiseer word.

Die ongewenste situasie het ontstaan as gevolg van 'n beduidende aantal Afrikataalsprekende leerders wat hul skoolloopbane by vroeër sogenaamde model C-skole begin of voortgesit het. In hierdie skole bestaan daar uit die aard van die saak nie die geleentheid om formele taalonderrig

in 'n Afrikataal te ontvang nie – veral nie op eerstetaalvlak nie. Die gevolg hiervan is dat baie van die leerders nie oor die vermoë beskik om hulle eie taal behoorlik te lees of te skryf nie. Hierdie gebrek aan taalvaardigheid dra daartoe by – soos Cummins (1984:81) beweer – dat die aanleer en vaardigheid in Engels ook nadelig beïnvloed word. Ten spyte van die feit dat Afrikataalsprekers nie formele onderrig in hul eie taal by tradisioneel model C-skole ontvang nie, funksioneer die tale wel as omgangstale buite die klaskamer. Dit is juis in dié konteks waar linguistiese ontlening, taalvermenging, asook kodewisseling wat hierbo ter sprake is, hoogty vier. Die onderlinge wisselwerking wat die vaardigheid van die eerste en tweedetaal gesamentlik bepaal, word byvoorbeeld soos volg deur Cummins (1984:81) uitgespel:

Despite differences in surface features a common underlying proficiency exists in which aspects of first and second language are interdependent, and thus capable of being developed through instruction in either language. The common underlying proficiency is particularly pertinent in respect of cognitive-academic language proficiency.

In sy ondersoek na die taalvaardighede van Afrikataalsprekende studente op tersiêre vlak, skryf Stephen (2003:77) dat:

- Die meeste van die studente 'n gebrekkige vaardigheid in Engels sowel as hul moedertaal het;
- Hierdie studente met hul beperkte taalvaardighede dit moeilik vind om op tersiêre vlak bevredigend te funksioneer;
- Die studente as gevolg van hul beperkte taalvaardighede 'n passiewe inname van inligting openbaar.

'n Verdere negatiewe tendens wat beslis 'n radikale invloed op die toekoms en voortbestaan van die inheemse Afrikatale gaan hê, is die gebrek aan belangstelling van moedertaalsprekers om hulle tale op tersiêre vlak as wetenskap te bestudeer. Studentegetalle op dié gebied het drasties by alle universiteite in Suid-Afrika afgeneem.

7. Kwynende taalvaardighede

Soos vroeër vermeld, beweer Finlayson en Slabbert (1999:65) dat taalvariasie by Xhosasprekers voorkom in gevalle waar hul woordskat te kort skiet of wanneer konsepte uitgedruk word wat vreemd aan die Xhosakultuur is. In 'n ondersoek na taalafwykings wat plaasvind in getranskribeerde tekste ten opsigte van Sothosprekers in Pretoria-omgewing, word daar egter 'n tendens waargeneem waar bepaalde taalvaardighede wat tradisioneel in alledaagse standaardtaal in gesprekke en in die literatuur voorgekom het aan die afneem is.

In die tekste word verskillende Sothosprekers (hoërskoolleerlinge asook ouers) se taalgebruik wat vir 'n bepaalde navorsingsprojek vanuit 'n kassetopname getranskribeer is, as basis gebruik vir die analise van taalvorme en strukture wat in die gewone omgangstaal fungeer. Die Sothosprekers wat aan die projek deelgeneem het, is versoek om hul persoonlike menings te lig oor skoolsake wat onder meer die verkiesing en pligte van beheerraadsligggame insluit. Die ongeredigeerde reaksies van die verskillende sprekers word in afsonderlike tekste weergegee en daarna word dit in standaard Noord-Sotho, asook in Afrikaans vertaal. Van die konsepte wat in die ongeredigeerde paragrawe onderstreep word, word in hulpwerkwoordgroep konteks onder sekere grammatiese voorwaardes uitgedruk. 'n Oorsigtelike linguistiese beskrywing rakende die taalgebruik in die tekste word deurlopend gedoen. Prominente taalvorme en strukture waarop die fokus val, word in die oorspronklike teks, sowel as die vertalingsekwivalente daarvan, in vet gedruk of onderstreep.

Die onderstreping van woorde of frases in die ongeredigeerde tekste hieronder toon 'n duidelike onvermoë van die sprekers om deskriptiewe of bywoordelike bepalinge bevredigend te gebruik om hulleself in bepaalde taalsituasies uit te druk. In die standaard Noord-Sotho weergawe blyk dit duidelik dat daar van 'n bepaalde taalstrategie, naamlik hulpwerkwoordgroepe, gebruik gemaak moet word om sekere konsepte te verwoord. Dit kom dus daarop neer dat daar tussen Noord-Sotho en Engels nie 'n een-tot-een leksikale ekwivalent aangewend word om sodanige idees uit te druk nie. Vanuit 'n opvoedkundige perspektief kan daar van die standpunt uitgegaan word dat dit juis die gebrek aan formele onderrig is wat hierdie onvermoë tot gevolg het. In die volgende paragrawe word hierdie standpunt verder toegelig.

Lombard et. al (1985:168) onderskei slegs vier basiese bywoorde in Noord-Sotho. Hy wys daarop dat bywoordelike bepalinge in die meeste gevalle deur ander woordkategorieë wat bywoordelik funksioneer uitgedruk word. Basiese bywoordelike beskrywings word ook gedoen aan die hand van adverbiale prefikse waartydens onder meer naamwoorde en voornaamwoorde as bywoordelike kerner funksioneer. Vergelyk byvoorbeeld gantši (dikwels) en gabohloko (pynlik) in dié verband. Dit is egter in die geval van sogenaamde verbindende tydsadjunkte, voegwoordelike verbinders en aaneenskakelende adjunkte wat Ponelis (1991:312-316) onderskei waar daar in Noord-Sotho van meer ingewikkelde taalstrategieë soos die generering van hulpwerkwoordgroepe gebruik gemaak word om sodanige betekenis uit te druk. Betekenisnuanses van hulpwerkwoordgroepe word hier aan die hand van Pretorius (2004) se studie oor hulpwerkwoorde onderskei.

Die volgende voorbeelde uit die getranskribeerde tekste staaf bogenoemde beweringe.

8. Tekste

- 1a. Re nyaka gore mo sekolong sa rena go nne le sele le sele. In the meantime re nne le vision.
- 1b. Re nyaka gore sekolong sa rena go be le selo sela le sela. **Re nne** re eba le ponelopele.
- 1c. Ons wil hê dat daar in ons skool 'n verskeidenheid van dinge sal wees. Intussen moet ons 'n toekomsvisie hê.

Die ongeredigeerde teks (1a) toon dat die spreker van Tswana sowel as Noord-Sotho gebruik maak om haarself uit te druk, bv. re nyaka (N.S) go nne (TSW), sele sele (TSW).

Taalvermenging word verder aangetref wanneer die konsepte *intussen* en *toekomsvisie* uitgedruk word. Toekomsvisie kon gemaklik weergegee word met die woord *ponelopele* wat in die vertaling voorkom. Dit is egter die begrip *intussen* wat deur 'n unieke strategie, naamlik die gebruik van die hulpwerkwoordgroep *re nne re eba* uitgedruk word waarvoor daar nie 'n een tot een leksikale verhouding tussen Engels en Noord-Sotho bestaan nie. Die spreker maak dus hier eerder van taalvariasie gebruik om hierdie meer ingewikkelde strategie in sy eie taal vry te spring. 'n Ander alternatiewe manier in Noord-Sotho om intussen uit te druk sou weer eens die gebruik van 'n hulpwerkwoordgroep vereis soos **re be re eba le ponelopele**.

- 2a. Ge o le motswadi o swanetše o budget-e dilo tša gago gore o kgone go lefa di-school fees. Thereafter o ka reka tše dingwe.
- 2b. Ge o le motswadi o swanetše go lekanyetša dilo tša gago gore o kgone go lefa tšhelete ya sekolo. **O ka bušwa wa tla** wa reka tše dingwe.

2c. Indien jy 'n ouer is moet jy jou sake begroot, sodat jy in staat is om skoolfonds te betaal. Daarna kan jy ander goed koop.

Die ongeredigeerde teks (2a) toon dat die spreker hoofsaaklik Noord-Sotho georiënteerd is. Die ontlening van leksikale items word gekenmerk deur 'n proses van affigering wat 'n kenmerkende taalstrategie in Noord-Sotho is. Die oorspronklike Engelse leksikale items word grammaties georden tot wortels in Noord-Sotho konteks. Vergelyk byvoorbeeld *budget-e* waaraan 'n kategoriale morfeem geaffigeer word en die klasprefiks *di-* wat as "prefiks" van "school fees" funksioneer. Die woord *tšhelete* wat van geld ontleen is, is 'n goeie voorbeeld van wat Van Wyk (1966) hierbo met "herstrukturering" bedoel.

Soos in die geval van voorbeeld (1) maak die spreker gebruik van taalvermenging om die betekenis van 'n aaneenskakelende adjunk te genereer. Weer eens is dit 'n geval van 'n hulpwerkwoordgroep soos in voorbeeld 2(b) geïllustreer word wat hier ter sprake is en waarvoor daar tussen Engels en Noord-Sotho nie 'n een-tot-een leksikale verhouding bestaan nie. Alternatiewe opsies in Noord-Sotho laat die spreker nie met 'n ander keuse as om van 'n hulpwerkwoordgroep gebruik te maak om die konsep "daarna" in bostaande konteks uit te druk nie, soos:

Ya ba o reka, o eta o reka, o namile o reka, wa tloga wa reka, o napile wa reka.

3a. If ge ba train-iwa I think dilo tša mo sekelong di ka tsamaya smooth. On no account all di-dicissions o ka re pila-pila di tšewa ke di-teachers.

3b. Ge ba ka katišwa ke nagana gore dilo tša sekolo di ka sepedišwa ka tshwanelo. **Go ka se hlwe** go eba gona gore dipheto o ka re gabotsebotse di tšewa ke barutiši.

3c. Indien hulle opgelei word, dink ek die dinge by die skool kan glad verloop. Onder geen omstandighede sal daar 'n kans wees dat onderwysers vooraf besluite neem nie.

Uit die ongeredigeerde teks (3a) word die afleiding gemaak dat die spreker Tswana georiënteerd is met Noord-Sotho variasies hier en daar, byvoorbeeld *ge* (NS) en *di tšewa* (NS). Affigering van leenwoorde word ook hier aangetref, byvoorbeeld *train-iwa* (passiewe werkwoordekstensie en kategoriale uitgang) asook *di-dicissions*, *di-teachers* waar *di-* as klasprefiks funksioneer. Soos in die vorige voorbeelde word die gebruik van 'n hulpwerkwoordgroep weer eens deur middel van taalvermenging vermy. Soos in die standaardvorm geïllustreer word, is dit die hulpwerkwoordgroep wat 'n emfatiese ontkenning genereer. Soos voorheen gevind is, kan die alternatiewe betekenis ook in dié konteks nie sonder die gebruik van 'n hulpwerkwoordgroep uitgedruk word nie. Die volgende moontlikhede word gegee:

Go ka se ke gwa ba (gona). Ga se gwa ba gwa ba (gona).

4a. Apparently ba bangwe ba nagana gore ngwana a ka se change-e yena motho o a change-a.

4b. Ba bangwe **ba ka ba** ba nagana gore ngwana a ka se fetoge, yena motho o a fetoga.

4c. Party dink waarskynlik dat 'n kind nie kan verander nie, 'n mens in die besonder verander.

Die spreker in bestaande ongeredigeerde teks (4a) blyk Noord-Sothosprekend te wees. Soos reeds bespreek gaan ontleding gepaard met affigering, byvoorbeeld *change-e* (kategoriale morfeem-negatief) *change-a* (kategoriale morfeem-positief). Taalvermenging word ook hier

aangetref in plaas van die gebruik van 'n Noord-Sotho hulpwerkwoordgroep soos aangetoon in (4b) hierbo. 'n Alternatiewe strategie om min of meer dieselfde betekens te genereer, sou ook in die geval 'n hulpwerkwoordgroep vereis, bv. **Ba ka tla ba nagana**.

- 5a. So the best solution ke go hwetša batho ba ba lego gore they can stand ba ba itseng what is right and what is wrong and further on ba tlogele what is wrong.
- 5b. Bjale tharollo ye kaone go feta ke go hwetša batho ba e lego gore ba ka ema ka maoto, ba ba tsebago se se lokilego le se se sa lokago, **gomme ba nama** ba tlogela tše di sa lokago.
- 5c. So die beste oplossing is om mense te vind wat kan staan by dit wat hulle weet wat reg of verkeerd is en verder aan laat hulle die verkeerde dinge agterweë.

Noord-Sotho sowel as Tswana taalvorme word in die ongeredigeerde teks (5a) aangetref, byvoorbeeld *go hwetša (NS) ba ba lego (NS) ba ba itseng (TSW)*. Taalvermenging vind plaas soos in (5b) geïllustreer word waar die gebruik van 'n hulpwerkwoordgroep vereis word. 'n Alternatiewe strategie om min of meer dieselfde betekenis in Noord-Sotho te genereer, vereis weer eens die gebruik van 'n ander hulpwerkwoordgroep, byvoorbeeld:

Ba boa ba tlogele, **ba tlo nama** ba tlogele, **ba fela** ba tlogele, **ba tlo be** ba tlogele.

Voorbeelde (6) en (7) hieronder illustreer ook hoe daar telkens deur middel van taalvermenging die gebruik van 'n hulpwerkwoordgroep vermy word. Weens die feit dat soortgelyke afleidings soos in die vorige voorbeelde gemaak kan word, word daar volstaan met die inligting soos deur die illustrasies aangedui.

- 6a. They should again elect-a batswadi ba ba nago le bana mo sekolong. Whenever batho ba ba se nago le bana mo sekolong ba elect-iwa, they just take decisions because bjanong they do not care at all because ga ba na bana mo sekolong.
- 6b. **Ba boele** ba kgetha batswadi ba ba nago le bana mo sekolong. Ge batho ba ba se nago bana sekolong ba kgethwa, ba **no** tšea dipheto ka gobane bjale **ga ba hlwe** ba ena le taba le tšeo ka gobane ga ba na bana sekolong.
- 6c. Hulle moet weer ouers kies wat kinders op skool het. Indien ouers wat nie kinders in die skool het nie gekies word, neem hulle sommer net besluite, want nou gee hulle glad nie om nie, omrede hulle nie kinders in die skool het nie.
- 7a. If e le motho wa ko ntle, continuously o tlo nagana gore ga ke na ngwana ka mola, le ge e le gore o tlo utlwa bohloko, mara so long a itse gore o tlo tsena tseleng.
- 7b. Ge e le motho wa ka ntle **o tlo dula** a nagana gore ga ke na ngwana ka mola, le ge e le gore o tlo kwa bohloko, ge fela a **dutše** a tseba gore o tlo tsena tseleng.
- 7c. Wanneer dit 'n persoon van buite is, sal hy deurgaans bewus wees dat hy nie daar 'n kind het nie, hoewel dit is dat hy simpatie sal hê, maar solank hy weet hy op pad sal wees.

9. Gevolgtrekking

Na aanleiding van die bespreking tot dusver, moet vorm en struktuur van hulpwerkwoordgroepe onderskei word van hul funksie of gebruik in 'n groter sintaktiese verband. Daar is reeds daarop gewys dat 'n hulpwerkwoordgroep in Noord-Sotho semanties op sy eie sonder die funksionering

van ander leksikale items adjunkte met verskillende betekenisnuanses kan genereer. Hulpwerkwoorde in die konteks word nie alleenlik deur 'n kognitiewe of primêre betekenis gekenmerk nie, maar vertoon dikwels ook diverse interpretatiewe of vertalingsmoontlikhede. Die gebruik van vreemde woorde in die konteks per se kom dus daarop neer dat een leksikale item nie met 'n vertalingsekwivalent in die ander taal vervang kan word nie, en om die rede word 'n unieke taalstrategie deur die gebruik van 'n "vreemde" woord of frase op die wyse omseil. Die ingewikkeldheid wat 'n persoon ervaar wat nie behoorlik in die grammatika van Noord-Sotho onderlê is om hulpwerkwoordgroepe sinvol te gebruik nie, word bewerkstellig deur die feit dat die modus waarin die komplementêre werkwoord fungeer 'n belangrike rol speel om verskillende betekenisnuanses uit te druk – hoewel daar nie 'n een-tot-een grammatiese verhouding tussen hulp- en komplementêre werkwoord en 'n bepaalde betekenisnuanse blootgelê kan word nie. Soms word diverse betenisonderskeidings ook deur die funksionering in verskillende modi deur die hulpwerkwoord self uitgedruk. Vervolgens kan een bepaalde betekenisonderskeiding dikwels deur meer as een hulpwerkwoordgroep wat vormlik verskil, weergegee word.

Die aanhalings hierbo is slegs enkele geselekteerde voorbeelde van meer as dertig gevalle waar soortgelyke taalvermenging gevind is en dui ontenseglik daarop dat sekere taalvaardighede van die relevante sprekers in 'n groot mate gekwyn het en dat die gebruik van vreemde woorde deurgaans voorkom wanneer konsepte soos adverbiale beskrywings uitgedruk word. Bogenoemde waarnemings werp ook lig op die feit dat Noord-Sotholeerders dit uiters moeilik vind om literêre werke soos die van O.K. Matsepe en C.P. Senyatsi sinvol te lees en te interpreteer. Hierdie skrywers se werke is juis deurspek van hulpwerkwoordgroepe wat prominent adverbiale en voegwoordelike betekenisse genereer.

Dit blyk duidelik uit die waarnemings wat hierbo gedoen is dat die onderliggende oorsake wat taalvermenging in die Sothotale aan die hand werk, onder die volgende hoofde ingedeel kan word:

- 9.1 Gebrek aan, of die afwesigheid van formele onderrig in die tale tydens primêre en sekondêre skoolopleiding;
- 9.2 Die afwesigheid van 'n natuurlike leserskorps wat veroorsaak dat stimulasie in die tale teengewerk word;
- 9.3 Onsensitiwiteit teenoor taalhandhawing en taalpurisme wat daartoe lei dat daar te maklik op veral Engelse woorde of uitdrukkinge teruggeval word;
- 9.4 Die verlies van taalvaardighede van moedertaalsprekers in hul eie tale, wat regstreeks die gevolg van taalvermenging is;
- 9.5 Die verval van die grense tussen die drie hoof Sothotale in stedelike gebiede, wat ook deels toegeskryf kan word aan die gebrek aan of die afwesigheid van formele taalonderrig waarin daar op die standaardtaal gefokus word.

BRONVERWYSINGS

- Cummins, J. 1984. *Bilingual and special education: issues in assessment and paedagogy*. Avon, UK: Multilingual Matters.
- De Groot, A.W. 1964. *Inleiding tot die Algemene Taalwetenskap*. J.B. Wolters, Groningen.
- De Vries, A. 2005. *Skoolskok vir S.A. Rapport 36(42)*, 16 Oktober 2005: 1.

- De Wet, N.C., Niemann, G.S. & Matsela, Z.A. 2001. *Language rights versus educational realities – a South African perspective*. *SA Journal of African Languages* 21(1):. 45-58.
- Finlayson, R. en Slabbert, S. 1999. A socio-historical overview of codeswitching studies in the African languages. *SA Journal of African Languages* 19(1):. 60-72.
- Fourie, D.J. 1994. The rejection of terminology: observations from African languages. *SA Journal of Linguistics* 12(1): 11-16.
- Kamwangamalu, N.M. 2000. A new language policy, old language practises: status planning for African languages in a multilingual South Africa. *SA Journal of African Languages* 20(1):. 50-60.
- Kruger, W.J. 1965. *Leenwoorde van Afrikaanse oorsprong in Noord-Sotho; 'n studie in transsistematiasie*. M.A.-verhandeling, UP.
- Lombard, D.P., Van Wyk, E.B., Mokgokong, P.C. 1985. *Introduction to the grammar of Northern Sotho*. Pretoria, J.L. van Schaik.
- Meyers-Scotton, C. 1993. *Social motivation for code switching. Evidence from Africa*. Oxford University Press, New York.
- Moyo, T. 2002. Mother tongues versus an ex-colonial language as media of instruction and the promotion of multilingualism: the South African experience. *SA Journal of African Languages* 22(2):. 149-159.
- Ponelis, F.A. 1991. *Afrikaanse Sintaksis*. J.L. van Schaik, Pretoria.
- Pretorius, W.J. 2004. *'n Dimensionele grammatiese beskrywing van hulpwerkwoorde in Noord-Sotho*. DLitt et Phil-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Stephen, D.F. 2003. *English Language Proficiency as a likely predictor of academic performance of first year Human Resources Management students at Technikon Natal*. DPhil Dissertation, Rand Afrikaans University.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie Taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Tafelberg, Kaapstad.
- Swanepoel, C.B. 1986. The necessity of literature in the development of the black child in Southern Africa. *SA Journal of African Languages*. Supplement 6: 1-14.
- Van Wyk, E.B. 1966. *Die Bantoetale: 'n beknopte oorsig*. J.L. van Schaik: Pretoria.
- Ziervogel, D. in: Botha, T.J.R. 1963. *Taal en Teken*. Academica: Kaapstad.

DIE SKRYWER

Dr. Willie Pretorius
Universiteit van Johannesburg (UJ)
e-pos: wjp@rau.ac.za